

Boekbesprekings / Book Reviews

F. M. Williams: GESLAGSREGISTER VAN DIE FAMILIE BRUWER. (Bygewerk en geredigeer deur Linda Zöllner). Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria, 1979. (172 pp teks, foto's)

Die familie Bruwer is een van die kleinste Hugenote-families in die Republiek van Suid-Afrika. Reeds voor die herroeping van die Edik van Nantes in 1685 asook daarna het baie van die Franse Hugenote Frankryk verlaat om elders 'n heenkome te vind. Die verskuiwings het 'n aantal verbuigings van die familienaam te weeg gebring waarvan Bruwer self een is. Die familienaam was oorspronklik Bruére wat 'van die heide' beteken. Bruéres wat hulle in Amerika (New York) gevestig het, het die oorspronklike vorm behou terwyl dit in Suid-Afrika en Nederland na Bruwer en 'Van der Heyden' vervorm is.

Die Suid-Afrikaanse tak van die familie Bruére alias Bruwer het ontstaan toe Estienne Bruére en sy tweede vrou Susanna (Anna) du Puis (du Puis) hulle in 1688 in die Kaap gevestig het. Sy eerste huwelik met Ester de Ruelle was kinderloos maar sy tweede is met ses kinders geseen — vier dogters en twee seuns. Die oudste seun is ongetroud oorlede sodat die jongste seun, Johannes, alleen oorgebly het om die geslag voort te plant. So byna-byna het die Suid-Afrikaanse tak uitgesterf en dit verklaar ook waarom die familie betreklik klein is in vergelyking met ander Hugenote-families.

Mev Marie Williams het haar tien jaar lank beywer om al die nodige gegewens oor die familie te versamel voordat sy dit aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir publikasiedoeleindes oorhandig het. Linda Zöllner het haar manuskrip geredigeer en bygewerk. Laasgenoemde se taak is bemoeilik deurdat mev Williams intussen na Brittanje verhuis het en dus nie onduidelikhede wat in die teks voorgekom het, kon opklaar nie. Die familie het egter daarvoor vergoed deur te reageer op gesinsblaais wat sy aan hulle gestuur het om inligting oor die jongste families te bekomen asook op haar oproep om foto's. Die eindproduk is gevoleglik 'n keurige uiteensetting van die familie Bruwer se geslagsregister wat telkens deur brokkies inligting verlewendig word. So word bv berig dat die 'vrou van Bruél' in 1716 deur die Kerkraad van Drakenstein onder sensuur geplaas is omdat sy

ten spyte van alle vermanings 'een seer boos leven met haren slaaf lijden'. Sy moes haar bekeer en as bewys van haar berou die slaaf verkoop. Ene Johannes Jacobus wat 'n afstamming van Jacobus Stephanus was, was in 1914 glo 'n rebel onder generaal Manie Maritz. Hy is 'n paar maande in 'n kampong in Kimberley aangehou om die saak te oordink. Ene Maria Elizabeth (Le Roux) wat met Johannes Petrus (afkomstig van die Daniël-tak van die familie) getroud was het 104 jaar oud geword. Sy het die skryfster hulle wedervaringe gedurende hulle trek na Transvaal meegedeel. Dit en vele ander interessanthede oor die familie word deurgaans vermeld wat die leser meer vertroud maak met die wel en weë van die Bruwer-familie.

Die boek met voorwoord deur die president van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 'Dankwoord' deur ds G. E. Bruwer, opmerkings deur die skryfster sowel as redigesse, is voorwaar 'n geskikte toevoeging tot die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se reeks genealogiese publikasies.

kapt A. E. van Jaarsveldt

THE THIRD WORLD WAR : AUGUST 1985, by General Sir John Hackett and others. Sidgwick and Jackson, 1978. (368p. R18,88.)

This scenario of the Third World War depicts the events leading to the war, the conflict itself, and the aftermath. Purporting to be a history, complete with appendices, maps and index, of a war recently ended, the overall tone of the book gives the impression that it might have been derived from one or more war games.

The start of the conflict is August 1985 when the Warsaw Pact crosses the inter-German boundary and attacks NATO. The reader's attention is readily captured by chilling episodes describing war at its worst, however, as in all such exercises in futurology, the authors were forced to resort to many speculations, which, as the battles raged, were as they would like to see it. To try to predict the relatively near future in any detail is a very difficult task, indeed. One best example in this book is Iran. the numerous political and strategic assumptions are perhaps the weakest part of the

book because they range from being too simplistic to implausible, and because of this, one soon comes to read the book with a certain scepticism.

The reader must, however, note that this book has been written by some of the foremost political/military experts in their field today. General Sir John Hackett NATO Commander

Northern Army Group and his co-authors have the opposing forces equipped, organized and trained as they are today, and although they have settled for an optimistic conclusion they nevertheless have got their message across. In short, the book is a warning that the war will be lost if the necessary changes are not made in NATO.

Col V. C. Muller